

10 Maart

SKRIF: Lukas 9:21-22

“Jy is reg. Maar julle mag dit vir niemand gaan vertel nie.” Sê Jesus. “Kom Ek sê nog iets vir julle. Ek is die Seun van die mens van wie die Bybel praat. Ek gaan nog baie swaar kry hier op aarde. Die godsdienstige leiers gaan sorg dat Ek doodgemaak word. Maar Ek is sterker as die dood. Op die derde dag sal God My lewend maak!”

Lukas 9:42-45

Jesus sê vir sy dissipels: “Een van die dae gaan die mense My vang en My soos ‘n skelm behandel.”


Die dissipels het nie verstaan wat Jesus bedoel nie. Die tyd was nog nie reg vir hulle om te weet wat alles met Hom gaan gebeur nie. Hulle wou ook nie vra wat Hy bedoel nie.

AANDAG: Jesus het voor die tyd geweet Hy gaan seergemaak en gekruisig word. Hoe dink jy het Jesus daarvoor gevoel. Noem 3 emosies van Jesus



NEEM DIT AAN: Soek ‘n liedjie in die liedboek of internet wat gaan oor Lukas 9:21-22/die swaarkry van Jesus/Jesus se kruisiging/Jesus se opstanding en luister daarna.

GEBED: Kom ons bid saam: Jy gaan vandag van die vyf-vinger gebed gebruik maak om te bid. Kies twee van die vingers se mense/dinge en bid daarvoor.




11 Maart

SKRIF: Lukas 18:31-34

Jesus het sy twaalf dissipels eenkant toe geroep. Hy sê toe vir hulle: “In Jerusalem gaan die godsdienstige leiers My vang. Alles wat die Bybel oor My geskryf het, gaan daar waar word. Ek sal in die hande van ‘n klomp slegte mense beland. Hulle sal My voor almal spot en slegsê. Hulle sal My spoeg, slaan, en later sal hulle My doodmaak. Maar ek sal op die derde dag weer lewendig word.”


Die dissipels het nie mooi verstaan wat Jesus vir hulle sê nie.

AANDAG: Gesels met mekaar oor hoe julle sou voel as julle een van die twaalf dissipels was.



NEEM DIT AAN: Jy is een van die dissipels waarmee Jesus praat. Skryf ‘n gedig oor hoe jy voel.

GEBED: Laat ons in dankbaarheid, o Heer, U altyd in ons lewens eer.



12 Maart

SKRIF: Johannes 2:18-22

“Wie gee jou die reg om al hierdie goed aan te vang?” kap die Jode terug. “Bewys vir ons dat God wil hê dat jy dit moet doen.”

“Goed,” sê Jesus. “Breek hierdie tempel af. In drie dae sal Ek dit weer bou soos dit was.”

“Wat sê jy?” roep die Jode verbaas uit. Ons bou al 46 jaar hard aan die tempel ... en jy wil dit sommer so vinnig-vinnig in drie dae doen.”

Jesus het egter nie van die gebou gepraat nie, maar van Homself. Die Jode sal hom doodmaak, maar na drie dae sal Hy opstaan. Toe dit later gebeur het, het sy goeie vriende alles onthou wat Jesus hier gesê het. Hulle het toe geweet Hy het die waarheid gepraat. Hulle het ook onthou die Bybel het gesê dit gaan so wees.


**AANDAG: Dink jy mens kan ‘n kerk of ‘n huis in net 3 dae bou?
Jesus het dikwels met gelykenisse of beelde vir die mense dinge vertel.
Later in die Bybel lees ons dat die kerk eintlik Jesus se liggaam is.**



NEEM DIT AAN:

Bou ‘n groot huis of kerk van Legoblokkies of teken ‘n groot huis/kerk en kleur dit in. Hoe lank het dit jou gevat?

GEBED: Bid vir mense wat jou onderrig soos die onderwysers, afrigters, jeugleiers en dominees. Bid ook vir dokters en terapeute, versorgers en sielkundiges (Wysvinger.)



13 Maart

SKRIF: Lukas 22:1-6

Die Paasfees was naby. By hierdie fees het die Jode 'n lam geslag en brood sonder suurdeeg geëet om te dink aan die tyd toe God hulle uit Egipte gered het. Die godsdienstige leiers was kwaad oor wat Jesus in die tempel gesê het. Hulle het besluit dat Hy moes sterf. Maar hulle het nie geweet hoe nie. Want die mense het baie van Hom gehou.

Die godsdienstige leiers kry toe hulp van Judas Iskariot, een van Jesus se dissipels. Hy het stilletjies na hulle toe gekom en vir hulle gesê hy sou hulle help om Jesus te vang. Die duiwel het vir Judas gesê om dit te doen. Die godsdienstige leiers was bly hieroor. "Ons sal jou goed betaal," het hulle gesê. Hulle het toe 'n plan uitgewerk hoe om Jesus te vang.

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se gedeelte.

160 ml yswater
60 ml olyfolie
2 koppies koekmeel
knypie sout
olyfolie vir oor verf



Voorverhit oond tot 230°C.

Smeer 'n groot bakplaat en bestuif met koekmeel.

Meng die water en olyfolie in 'n maatbeker.

Plaas die koekmeel en sout in die voedselverwerker en skakel die masjien aan.

Voeg die water en olie stadig deur die tuit terwyl verwerker draai.

Meng totdat 'n stywe deegbal vorm, ongeveer 5 minute.

Laat die deeg vir 15 minute rus.

Verdeel die deeg in 8 tot 10 balletjies en rol die deegballetjies so dun as wat jy kan, op 'n meelbestrooide oppervlak uit.

Plaas die uitgerolde deeg op die voorbereide bakplaat en verf die deeg met olyfolie.

Sprinkel die geur van eie keuse oor die geverfde deeg en bak die deeg vir 5 – 8 minute in die voorverhitte oond tot gaar en daar 'n paar bruin vlekke en blase bo-op vorm.

NEEM DIT AAN:

Maak vanaand die resep van die ongesuurde broodjie.
Hoekom was Judas bereid om die mense te help?

GEBED:

Here, help my om nie geldgierig te wees nie. Amen





14 Maart

SKRIF: Lukas 22:7-13

Toe die eerste dag van die Paasfees begin waarop die lammetjies geslag moes word, het Jesus vir Petrus en Johannes gesê: “Gaan maak vir ons die Paasete gereed.”

“Waar moet ons die Paasmaaltyd voorberei?” vra hulle Hom.

“Gaan gou in Jerusalem in,” sê Jesus vir hulle. “Soek ‘n man wat ‘n emmer water dra. Gaan saam met hom na sy huis toe en sê vir hom: “Ons Meester vra waar is die kamer waar Ek saam met my dissipels die Paasmaaltyd moet kom eet?”

“Dan sal die man julle na ‘n groot kamer op die boonste verdieping van sy huis toe neem. Julle moet die ete daar gereed maak.”

Petrus en Johannes het toe die Paasmaaltyd gereed gemaak.

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se gedeelte.

NEEM DIT AAN:

Hoe het Jesus geweet hulle sal ‘n man in Jerusalem kry wat ‘n emmer water dra?

Wat dink julle het hulle gereed gemaak vir die paasmaaltyd?

Maak jou eie emmertjie - <https://www.youtube.com/watch?v=gwlane2wdGM>

GEBED:

Duim - bid vir jou maatjie


Wysvinger - bid vir jou klasonderwyser

Middelvinger - bid vir jou skoolhoof

Ringvinger - bid vir die man op die straat

Pinkie - bid vir dit wat jy nodig het

Handpalm - Sê dankie vir God



15 Maart

SKRIF: Lukas 22:14-18

Teen sonder het die ete begin. Jesus en die twaalf dissipels was saam met Hom daar. Hy sê vir hulle: “Ek het baie uitgesien na hierdie ete. Dis my laaste ete saam met julle voordat my swaarkry begin. Ek sal nie weer so feesvier voordat God se nuwe wêreld hier is nie!”

Toe vat Jesus die beker met die wyn en sê vir God daarvoor dankie. Hy sê: “Deel die wyn onder julle uit. Ek sal weer so saam met julle wyn drink as ons saam in die hemel is!”

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se gedeelte.



NEEM DIT AAN:

Maak ‘n ‘laaste maal’ bordjie: Jy benodig papierbord, gom, sker, karton, glitters, plakkers en ander versierings, penne/highlighters (optioneel - klein koppie, soutbeskuitjies)

Versier jou bord met versies in die bybel wat praat oor Jesus se laaste maal. Teken prentjies van die kos of drinkgoed wat jy dink daar was. Teken ‘n kruis. As jy soutbeskuitjies het kan jy dit ook daarop plak. Die koppie kan jy rooi inkleur of rooi koeldrank ingooi - dit verteenwoordig die bloed van Jesus.

GEBED:

Here Jesus, uit liefde het U vir almal gesterf sodat elkeen wat in U glo, gered sal wees. Ons bid vir mense wat nie in U glo nie, dat hulle sal besef hoe lief U hulle het.